NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur | 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 6 bladsye (i–vi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit:

   Afdeling A, wat die volgende insluit:
   - Visuele bronontleding
   - Tekstuele bronontleding
   - Huidige kwessies in die media

   EN

   Afdeling B, wat die volgende insluit:
   - Brongebaseerde vrae, wat die Bronmateriaalboekie gebruik
   - Kennisgebaseerde vrae

   EN

   Afdeling C, wat die volgende insluit:
   - 'n Brongebaseerde opstel, wat die Bronmateriaalboekie gebruik

4. Alle vrae moet beantwoord word.

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n ordelike wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

8. Kandidate moet aandag aan die puntetoekenning skenk. Tensy anders aangedui, word twee punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.

9. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoord te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou eie kennis te gebruik.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

Die volgende spotprent deur Zapiro het op 25 Julie 1999 in die *Sowetan*-koerant verskyn. Dit weerspieël die Nasionale Party se reaksie op die WVK.



[Beskikbaar by: <https://serve.mg.co.za/content/documents/2013/09/25/historygr12sessions6-7tn2013book3.pdf> Verkry 16 Januarie 2022]

***Heksejag:** verwys na die uitwys en doelbewuste teistering van diegene (soos politieke opponente) wat ongewilde sienings het. Dikwels is dié wat as "hekse" bestempel is, verkeerdelik beskuldig of vervolg.

1.1 Gebruik jou eie kennis en beskryf die doel van Suid-Afrika se Waarheid-en-versoeningskommissie. Skryf TWEE punte neer. (4)

1.2 Beeld die spotprenttekenaar die NP se reaksie op die WVK negatief uit? Verwys in jou antwoord na DRIE visuele leidrade in die spotprent. (8)

1.3 Hoe akkuraat was die NP se bewering dat die WVK 'n 'heksejag' teen hulle was? Verduidelik jou antwoord deur jou eie kennis te gebruik. (6)

1.4 Gebruik jou eie kennis en verduidelik watter stappe F. W. de Klerk geneem het om die bevindings van die WVK teen te staan. (2)

[20]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

Hier is 'n uittreksel uit 'n boek, geskryf deur 'n Amerikaanse historikus, wat die lewe en nalatenskap van Malcolm X ontgin.

In 'n toespraak daardie lente by die Harvard-universiteit het Malcolm sy kritiek* op Amerika se politieke stelsel voortgesit en homself beskou as "een van 22 miljoen swartmense in hierdie land wat slagoffers van die demokratiese stelsel is". Hy verduidelik: "Gister het ons mense die Amerikaanse stelsel as 'n Amerikaanse droom beskou. Maar die swartmense begin vandag besef dat dit 'n Amerikaanse nagmerrie is. Wat vir jou 'n droom is, is vir ons 'n nagmerrie." Malcolm het gehoop om hierdie nagmerrie met swart mag te beëindig, wat hy gedefinieer het as stemreg, politieke bewussyn, gemeenskapsbeheer van woonbuurte en swart trots … In Malcolm se verbeelding sou swartes wat as "slagoffers" van demokrasie erken word, sy grootste argitekte word. By Harvard het Malcolm herhaaldelik die swart stem as die sleutel tot die toekoms van Amerikaanse demokrasie voorgehou … **(Paragraaf 1)**

… Malcolm het vir hierdie verskyning by Harvard aspekte van die argument wat hy sou formuleer in een van sy bekendste toesprake, "The Ballot or the Bullet", ingeoefen, en 'n nuutgevonde geloof en die krag van sosiale bewegings ten toon gestel om die geskiedenis se boog* na swart burgerskap en rassegeregtigheid te buig ... Malcolm ... wou 'n nasionale beweging vir swart mag lei, wat hy beskryf het as 'n stryd vir radikale* politieke selfbeskikking, anti-kolonialisme en menseregte wat kruis* met 'n visie van plaaslike, streeks-, nasionale, en globale rasse- en ekonomiese geregtigheid... **(Paragraaf 2)**

Malcolm se toespraak op Sondag 22 Maart voor 'n gehoor van 3000 mense by Harlem se Rockland-paleis, het sy deelname aangekondig aan wat hy 'n menseregtebeweging genoem het wat voetsoolvlak-organisering, verkiesingspolitiek en selfverdediging sou gebruik om rassegeregtigheid in Amerika te bewerkstellig. "Dit is tyd dat ek en jy die regering laat weet dit is stembriewe – of koeëls," het Malcolm aan juigende ondersteuners gesê. Hy het 'n beroep gedoen vir 1 000 000 nuwe geregistreerde kiesers, wat die politieke hefboom in nasionale en plaaslike verkiesings sou wees, wat swartes sou benut ná die oorgang van stemreg. "Daar sal slegs geweldloosheid wees teenoor diegene wat nie gewelddadig teenoor ons is nie," het Malcolm gesê. **(Paragraaf 3)**

[Aangepas van: *The Sword and the Shield. The Revolutionary Lives of Malcolm X and Martin Luther King Junior*. Peniel E. Joseph. Published by Basic Books. April 2020. Bladsy 181–182]

* kritiek – 'n kritiese bespreking van iets
* boog – 'n opwaartse neiging na iets
* radikaal – ekstreem, baie nuut en anders as die tradisionele
* kruis – oorvleuel

2.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik hoekom Malcolm X die ervaring van swart Amerikaners as 'n 'nagmerrie' eerder as 'n 'droom' beskryf het. Gee TWEE punte. (4)

2.2 Hoe het Malcolm X swart mag gedefinieer, volgens die bron? (Paragraaf 1 en 2). Gee TWEE duidelike punte. (4)

2.3 Skryf EEN bewys uit paragraaf 1 OF paragraaf 3 neer wat die rol toon wat die swart stem in die VSA sou speel, volgens Malcolm X. (2)

2.4 Verskaf DRIE aanhalings wat daarop dui dat Malcolm X bereid sou wees om geweld teen die staat te gebruik, indien nodig. (Paragraaf 3) (6)

2.5 Gebruik jou eie kennis en noem TWEE organisasies wat deel was van die Black Power-beweging. (4)

[20]

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

Hier is 'n uittreksel uit 'n artikel geskryf deur Andrew Meldrum, gepubliseer in 'n aanlynpublikasie op 19 November 2021, genaamd *U.S. News & World Report* ('n digitale mediamaatskappy). Die artikel doen verslag oor die verskillende perspektiewe van F. W. de Klerk se impak op Suid-Afrika.

Suid-Afrika is gewikkel in 'n debat oor die nalatenskap van apartheid se laaste president, F. W. de Klerk, wat verlede week op 85 jaar oorlede is en Sondag begrawe word.

Die polemiek wat De Klerk tot in die graf volg, kom 27 jaar ná die amptelike einde van die wrede regime wat die land se swart meerderheid geslagte lank onderdruk het. *Stoking the furor** is 'n video wat hy postuum* vrygestel het en waarin hy gesê het dat hy jammer is. "Ek vra sonder voorbehoud verskoning vir die pyn, die seer, die vernedering en die skade wat apartheid aan swart, bruin en Indiërs in Suid-Afrika aangerig het," het De Klerk gesê … Party Suid-Afrikaners is geroer deur De Klerk se finale verskyning, maar baie was krities en het gesê hy vermy dit om te erken dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom is en dat hy medepligtig* was. **(Paragraaf 1)**

"Dit is die laaste van 'n reeks halfgebakte verskonings," het eerwaarde Michael Lapsley aan *The Associated Press* gesê. "Dit is goed dat hy verskoning vra vir die pyn en leed, maar daar is geen afrekening nie. Daar is geen aanspreeklikheid nie. Daar is geen aanvaarding van verantwoordelikheid vir wat onder sy toesig gebeur het nie." Lapsley, 'n Anglikaanse priester en anti-apartheidsaktivis, is in 1990 deur 'n pakketbom getref waartydens hy sy hande en sig van sy een oog verloor het, maande nadat De Klerk Nelson Mandela vrygelaat het … As voorsitter van die Staatsveiligheidsraad was De Klerk teenwoordig by vergaderings waar opdrag gegee is vir geweld teen anti-apartheidsleiers, tot en met die 1994-verkiesing … volgens Lapsley … **(Paragraaf 2)**

Teen die tyd dat De Klerk aan die einde van 1989 aan bewind gekom het … was die land op die rand van 'n afgrond*, waarvandaan De Klerk dit teruggetrek het deur Mandela vry te laat en met onderhandelings te begin … Party Suid-Afrikaners voel dat De Klerk onthou moet word vir die afweer* van 'n katastrofe. Suid-Afrika het "'n vader verloor wat die land met onderskeiding gedien het," het hoofman Mandla Mandela, kleinseun van Nelson Mandela, gesê … hy het gevoel dat De Klerk as 'n ouer staatsman vereer behoort te word. **(Paragraaf 3)**

Ander het egter De Klerk se dood gevier. Die *Black People's National Crisis Committee* het 'n skaap in Kaapstad se Khayelitsha-township geslag om sy heengaan te vier. "De Klerk, wat ontken het dat gewettigde afsonderlike ontwikkeling, uitbuiting, marteling en moord op swartmense 'n misdaad teen die mensdom was, sterf sonder eer …" het die *Economic Freedom Fighters*, 'n opposisieparty, gesê ... "De Klerk het as 'n Nobel-vredesprys ontvanger gesterf …" het Mondli Makhanya, redakteur van die *City Press*-koerant, geskryf. "Maar hy was nie 'n man van vrede nie. Hy was 'n lid van die Staatsveiligheidsraad, 'n liggaam wat die moorde en brutalisering van duisende Suid-Afrikaners goedgekeur het. …" **(Paragraaf 4)**

'n Meer versoenende benadering teenoor De Klerk word bepleit deur die Suid-Afrikaanse akademikus Adam Habib … direkteur van SOAS Universiteit van Londen, wat gesê het dat De Klerk se leierskap Suid-Afrika van jare se geweld en onrus gered het. … **(Paragraaf 5)**

[Aangepas van: <https://www.usnews.com/news/world/articles/2021-11-19/de-klerks-death-sparks-debate-over-his-role-in-apartheid> (Verkry 16 Januarie 2022)]

* furor – 'n uitbarsting van openbare woede of opgewondenheid
* postuum – na die dood van die betrokke persoon
* medepligtig – help om 'n misdaad te pleeg of op een of ander manier verkeerd op te tree
* afgrond – 'n baie steil rotswand of krans
* afweer – voorkoming

IEB Copyright © 2022

3.1 Watter bewys haal sowel Mondli Makhanya as eerwaarde Lapsley aan om te wys dat De Klerk sterk teen anti-apartheidsaktiviste opgetree het? (Paragrawe 2 en 4). (2)

3.2 In watter opsig stem Adam Habib se siening ooreen met hoofman Mandla Mandela se siening van De Klerk? (Paragrawe 3 en 5). Verskaf bewyse uit ALBEI paragrawe. (6)

3.3 Gebruik jou eie kennis en identifiseer TWEE faktore wat De Klerk beïnvloed het om in 1990 hervormings in te stel. (4)

3.4 Vind 'n geskiedkundige konsep in hierdie artikel wat die beste by die volgende definisies pas. (Geen verduideliking is nodig nie.)

3.4.1 Wanneer mense onregverdig en sleg deur maghebbers behandel word (Paragraaf 2) (2)

3.4.2 'n Regeringsbeleid wat swart Suid-Afrikaners in bantoestans verdeel het (Paragraaf 4) (2)

3.5 Is eerwaarde Lapsley krities oor De Klerk? Gee EEN punt uit paragraaf 2 wat jou antwoord ondersteun. (4)

[20]

60 punte

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord dan die volgende vrae:

Verwys na Bron A

4. Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom Rusland (USSR) by Angolese aangeleenthede betrokke was. Verskaf TWEE punte. (4)

5. Toon die foto volgens jou mening dat die Suid-Afrikaanse Weermag die oorhand gehad het in die Slag van Cuito Cuanavale? Verwys na EEN visuele leidraad om jou antwoord te staaf. (4)

6. Verskaf 'n opskrif vir hierdie foto as dit in 'n pro-regering Suid-Afrikaanse koerant verskyn het. (2)

Verwys na Bron B

7. Noem DRIE redes uit die bron wat die lae moraal van die SAW tydens die finale Slag van Tumpo verduidelik. (6)

8. Is die Slag van Tumpo volgens die bron spesifiek gestaak weens die lae moraal van die troepe? Verskaf EEN bewys uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (4)

Verwys na Bron C

9. In watter mate dui die bron daarop dat Suid-Afrikaanse gewapende magte nie by Cuito Cuanavale verslaan is nie? Gebruik die bron om DRIE bewyse te verskaf om jou antwoord te staaf. (8)

Verwys na Bron D

10. 10.1 Watter kant het teen April 1988 die grootste militêre verliese gely, volgens die bewyse in die bron? (2)

    10.2 Gee TWEE bewyse uit die bron om jou antwoord op Vraag 10.1 te staaf. (4)

11. Gebruik jou eie kennis en verduidelik TWEE beperkings van die gebruik van hierdie statistieke (in Bron D) as historiese bewyse. (4)

Verwys na Bron E

12. Die Kubaanse ambassadeur beweer dat die "val van Cuito Cuanavale op hande was [sou spoedig plaasvind]". Ondersteun of weerspreek Bron E dit? Verskaf EEN rede om jou antwoord te staaf. (4)

13. Verskaf EEN aanhaling uit Bron E wat Fidel Castro se strategie vir die uitsetting van die SAW verduidelik. (2)

IEB Copyright © 2022

14. Watter woord in paragraaf 3 dui daarop dat Suid-Afrika UNITA se optrede beheer het? (2)

15. Hoe betroubaar is hierdie bron vir 'n historikus wat die sukses en mislukking van die SAW in die Slag van Cuito Cuanavale bestudeer? Verduidelik. (6)

16. **Soek 'n historiese konsep in Bron E wat die beste by elk van die volgende definisies pas. (Geen verduideliking is nodig nie)**

    16.1 Mense wat betrokke raak om 'n regering met geweld omver te werp (Paragraaf 4) (2)

    16.2 Die heersende regering van 'n land wat ondemokratiese en onaanvaarbare metodes gebruik om te regeer (Paragraaf 4) (2)

Verwys na Bron F

17. **Antwoord WAAR of ONWAAR deur Bron F en jou eie kennis te gebruik. Geen verduideliking is nodig nie:**

    17.1 Kubaanse magte het die Angolese regering sedert onafhanklikheid in 1975 ondersteun. (2)

    17.2 Geldenhuys het geglo dat Cuito Cuanavale 'n sleuteldorp was wat deur die SAW ingeneem moes word. (2)

    17.3 Geldenhuys het beweer dat die SAW die Kubane en Fapla groot verliese toegedien het. (2)

    17.4 Die hoof van die Kubaanse magte in Angola was Jonas Savimbi. (2)

    17.5 Fapla was die gewapende magte van die MPLA-regering in Luanda. (2)

    17.6 Fapla het 'n militêre basis by Jamba gehad. (2)

Verwys na Bron G

18. **Skryf SLEGS die antwoord neer. Geen verduideliking is nodig nie:**

    18.1 Is dit 'n primêre of 'n sekondêre bron? (2)

    18.2 Beweer die bron dat die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen of verloor het? (2)

    18.3 Skryf DRIE aanhalings neer wat jou antwoord op Vraag 18.2 staaf. (6)

    18.4 Verskaf EEN woord uit paragraaf 3 wat dieselfde beteken as: vryheid van beheer deur 'n ander land. (2)

19. **Beantwoord VOLLEDIG:**

Is Bron G nuttig vir 'n historikus wat die uiteinde van die Slag van Cuito Cuanavale bestudeer? Staaf jou standpunt met TWEE punte. (6)

Verwys na Bron H

20. 20.1 Wat was die fotograaf se bedoeling, volgens jou mening? (2)

20.2 Gee EEN visuele leidraad om jou antwoord op Vraag 20.1 te staaf. (2)

90 punte

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 21

Gebruik Bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate is dit waar om te sê dat die Suid-Afrikaanse Weermag in die Slag van Cuito Cuanavale verslaan is?

Maak seker dat jy die bronne gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die bronne per nommer te erken.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2022